higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)

(5140275)

28 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en TWEE addisionele bronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Lees die artikel, 'Kamp goedkoper met ’n Wild Card', in die BYLAE (aangeheg) en beantwoord die vrae.

VRAAG 1: PRÉCIS

Die Wild Card word wyd bemark. Talle toeriste skakel telefonies om vas te stel hoe die kaart werk en hoe dit besparing meebring.

Maak ’n uittreksel van die artikel 'Kamp goedkoper met ’n Wild Card' in die ADDENDUM (aangeheg) om navrae te kan beantwoord. Gee die uittreksel ’n gepaste titel en dui die aantal woorde tussen hakies aan (nie meer as 130 nie).

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3	9	3

[15]

VRAAG 2: TABEL

Daar is talle navrae by parkhekke oor die pryse van die verskillende soorte kaarte. SANParke besluit om die inligting in tabelvorm op kennisgewingborde by die hekke te vertoon.

Tabuleer die onderstaande inligting onder die volgende opskrifte:

KAARTSOORT	SPESIFIEKE BESTEMMING	ALLE PARKE

As jy die enkelkaart vir een volwassene koop en ’n spesifieke hoofbestemming kies, kos dit jou R370, terwyl die kaart wat jou toegang tot al die parke gee net R515 kos. Vir paartjies kos die kaart vir spesifieke bestemmings R605 en die kaart wat toegang tot al die plekke gee R845. Vir gesinne kos die kaart vir spesifieke bestemmings R735 en die algemene toegangskaart R1 035.

UITLEG	INHOUD
1	9

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: VRAELYS

Van elke SANPark word verwag om ná ’n jaar aan die hoof- uitvoerende beampte, mnr. F Mketeni, verslag te lewer oor hoe gewild die Wild Card onder besoekers van die individuele parke gedurende die jaar was. Die parkhoof by die Golden Gate Hoogland Nasionale Park, mnr. Thulani Madelosi, het ’n vraelys opgestel om die volgende inligting te bekom:

- Watter persentasie besoekers/groepe wel Wild Card-houers is
- Waarom sommige van die besoekers/groepe nie Wild Card-houers is nie
- Watter soort Wild Card die gewildste is – toegang tot alle parke of net SANParke
- Onder watter groep toeriste wat die park besoek die Wild Card die gewildste is
- Watter streek se Wild Card-houers die park die meeste besoek

Die vraelys is by die toegangshekke versprei en ingedien.

Stel die vraelys wat gebruik is op. Gebruik ten minste TWEE vraagsoorte.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3	9	3

[15]

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

Die ondersoek na die gewildheid van die Wild Card onder besoekers van SANParke moes oor 'n kalenderjaar strek. Die parkhoof van Golden Gate Hoogland Nasionale Park ontleed die vraelyste wat vanaf 1 Januarie tot 31 Desember ontvang is. Hy tabuleer die inligting soos volg:

WILD CARD-HOUERS	NIE-WILD-CARD-HOUERS EN REDES	
65% van besoekers/ groepe	15% nie bewus van die kaart nie	20% besoek parke en reservate te selde om voordeel daaruit te trek

GEWILDHEID VAN KAARTSOORT	
Toegang tot alle parke 69%	Toegang tot net SANParke 31%

GEWILDHEID VAN KAART ONDER GROEPE		
Paartjies: 60%	Gesinne: 24%	Individue: 16%

STREKE WAARVAN WILD CARD-HOUERS HOOFSAAKLIK AFKOMSTIG IS		
Gauteng: 47%	Buitelanders: 30%	Ander provinsies: 23%

Skryf die verslag wat die parkhoof aan die hoof- uitvoerende beampte moet lewer onder die volgende opskrifte:

1. **Opdrag en doel**
2. **Ondersoekmetodes**
3. **Bevindinge**
4. **Gevolgtrekking**

Opgestel deur:

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
5	14	6

[25]

VRAAG 5: VERKOOPSBRIEF

Die hoof- uitvoerende beampte gee opdrag aan alle SANParke om die Wild Card ywerig te bemark. Die parkbestuurder by Golden Gate stuur ’n brief aan alle besoekers wat aangedui het dat hulle nie Wild Card-houers is nie. Hy beklemtoon die voordele van die kaart, verduidelik hoe dit werk en meld al die opsies asook waar die kaart te koop is. Hy wil terselfdertyd meer besoekers na Golden Gate lok en beloof aan die eerste vyftig persone wat die Wild Card by Golden Gate koop ’n gratis ete vir twee mense by die hotel.

Wees kreatief, gebruik die ABBA-beginsel en skryf die brief.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
4	11	5

[20]

VRAAG 6: KENNISGEWING EN AGENDA

Die parkbestuur vergader elke twee weke. Die agenda word drie dae vooraf beskikbaar gestel. Twee dringende sake mag bygevoeg word voor die sluiting van die sakelys. Die parkbestuurder stuur die kennisgewing en agenda van die volgende bestuursvergadering uit.

’n Saak wat uit die vorige notule spruit is ’n terugvoersverslag oor die vordering van die verkope van die Wild Card. Nuwe sake vir bespreking is: nuwe uniforms vir restaurantpersoneel; sekuriteit by die hotel; en die beheer van veldbrande.

Skryf die kennisgewing en agenda.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3	9	3

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE

KAMP GOEDKOPER MET ’N WILD CARD

Hoekom moet ’n mens meer betaal as jy afslag kan kry? Met SANParke se Wild Card kan jy ’n hele paar rand spaar op jou kampvakansie.

SANParke het ’n lidmaatskapstelsel bekendgestel wat jou teen ’n eenmalige bedrag ’n jaar lank toegang gee tot al hul parke sonder om by die hek op te dok. Intussen het SANParke met ander reservate en bewaringsgebiede hande gevat en die lidmaatskap uitgebrei. Nou kan jy jou Wild Card nie net by die 19 parke van SANParke gebruik nie, maar by meer as 80 bestemmings landwyd. Jy kan jou Wild Card by elke wildtuin en bewaringsgebied van SANParke gebruik, van die Krugerwildtuin en Kgalagadi-oorgrenspark tot die Addo-olifantpark en Tafelberg Nasionale Park. Daarmee saam is die provinsiale bewaringsowerhede, Kaapse Natuurbewaring, Ezemvelo KZN Wildlife, Msinsi en Swaziland se Big Game Parks ingeskakel by die stelsel.

Jy kan om jou lidmaatskap aansoek doen by SANParke se Groenkloofkantore in Pretoria of die Kaapstadse kantoor in Tokai, maar dalk is dit die heel maklikste om dit by wildcard.co.za te kry. As jy reeds aan die reis is, kan jy ’n kaart by al die bestemmings behalwe by Ezemvelo KZN Wildlife se parke koop.

Die Wild Card word in jou naam uitgereik dus kan jy dit nie vir vriende leen nie. Die lidmaatskap is vir ’n jaar geldig vanaf die dag waarop jy dit koop. Daarna kan jy dit hernu. Afhangend van watter soort lidmaatskap jy kies, kos dit van R370 tot R1 035. Daar is drie opsies beskikbaar. ’n Kaart vir een volwassene, ’n paartjie of ’n gesin. Die kaart vir paartjies is vir twee volwassenes of ’n volwassene en ’n kind. Die gesinskaart is vir tot sewe persone (een volwassene en ses kinders of twee volwassenes en vyf kinders). Kinders moet onder 18 wees, maar nie noodwendig almal van dieselfde gesin nie. Sus kan ’n vriendin of twee saamnooi om te kamp.

Jy kan ook ’n kaart vir een van die vyf spesifieke hoofbestemmings (SANParke, Kaapse Natuurbewaring, Ezemvelo KZN Wildlife, Msinsi of Big Game Parks) kies. Of by een hou wat jou toegang gee tot al die plekke. As jy die enkelkaart vir een volwassene koop en ’n spesifieke hoofbestemming kies, kos dit jou R370, terwyl die kaart wat jou toegang tot al die parke gee, net R515 kos. Vir paartjies kos dit R605 vir die kaart vir spesifieke bestemmings en R845 vir die kaart wat jou toegang tot al die plekke gee. Vir gesinne kos die kaart vir spesifieke bestemmings R735 en die algemene toegangskaart R1 035. En dit is ook net ’n keer of drie se kamp voor jy begin spaar.

By SANParke vra hulle jou nie toegangsgeld by die hek nie, maar ’n daaglikse bewaringstarief. Saam met jou kampgeld moet jy vir elkeen in jou geselskap die daaglikse bewaringstarief betaal. As jy ’n Wild Card het, hoef jy nie die bewaringstarief te betaal nie. Die Wild Card is nie net nuttig wanneer jy ’n aand of twee oorslaap nie. Jy kan as dagbesoeker plekke soos die Kruger en Kaappunt soveel keer gratis besoek as wat jy wil.

[Aangepas uit: *WegSleep*, Julie 2017]

Kopiereg voorbehou